V+A



Christelle Louw, welvaartbeplanner by Citadel, beantwoord hierdie maand jou geldvrae

V Hoe moet ek te werk gaan om te spaar as die lewenskoste hoër word maar my salaris nie byhou nie? Voor ek my oë kan uitvee, is my beursie leeg!

LISA, BANTRYBAAI

Jy is nie alleen nie! Die afgelope twee jaar was van die uitdagendste ekonomiese tye wêreldwyd. Rentekoerse wat die hoogte ingeskiet het (maar intussen darem weer gedaal het), stygende lewenskoste en inflasie, saam met salarisse wat minder gestyg het, het op baie huishoudings se geldsake 'n merk gelos.

Jy maak 'n groot fout om in moeilike tye op te hou spaar en jou bydraes aan beleggings te staak. Daar is beter maniere om jou uitgawes te beperk.

- Stel sekere groot uitgawes uit tot later, byvoorbeeld die vervanging van 'n voertuig.
- Wees kreatief. As jy gewoonlik oorsee reis vir jou vakansie, bly hierdie jaar tuis en verken jou eie wêreld. As jy gewoonlik sak en pak see toe gaan, bly tuis en nooi familie oor vir heerlike kuiersessies.
- Kyk mooi na hoe jy geld uitgee op kruideniersware en ontspanning. Dis hier waar jy dikwels te veel spandeer!

V My man maak niks bymekaar vir ons toekoms nie. Hoe kan ek help om seker te maak dat ons genoeg geld het vir ons oudag of as ons ongeskik raak?

KARIN, JOHANNESBURG

Dis baie belangrik om 'n opgeleide finansiële beplanner se hulp hiervoor in te roep om jou te help met die uitwerk van 'n geldplan vir julle lewe. Finansiële beplanning is die sleutel tot die sukses van mense wat finansiële onafhanklikheid bereik. Elke individu of gesin het 'n finansiële padkaart nodig, want elkeen se omstandighede is uniek.

Van die faktore wat moet deel vorm van die plan is julle bestaande inkomste, pensioengeld of 'n aftreefonds, 'n versekeringsportefeulje, beleggings wat reeds opgebou is, aandele-opsies of belange in 'n maatskappy of eiendom. Julle behoeftes en rede hoekom julle finansieel onafhanklik wil wees, verskil ook van ander mense s'n. Daarom is 'n unieke plan wat spesifiek vir julle behoeftes gestruktureer is nodig.

Maak seker dat jou finansiële beplanner ook jou risikodekking hersien wat ongeskiktheids- en lewensdekking moet insluit sodat jy en jou afhanklikes versorg is ingeval van 'n ramp of verlies van lewe.

V Ek gaan skei en gaan in die toekoms nie 'n man hê op wie se geldelike hulp ek kan steun of terugval nie. Hoe kan ek self die mas opkom?

CAROLIEN, BLOEMFONTEIN

- Dis krities om tydens en na jou egskeiding seker te maak dat jy presies weet wat jou lewenskostes is. Hierdie inligting moet nie as 'n verrassing kom nadat jy geskei is nie.
- Stel vir jou 'n finansiële kundige of mentor aan saam met wie jy om 'n tafel kan gaan sit en 'n geldplan vir jou toekoms beraam. Onthou dat die doelwit in die eerste plek moet wees om finansieel onafhanklik te wees, en dat jou leefstyl tweede kom. Leefstyl is aanpasbaar.
- Maak seker dat jy weet hoeveel jy moet spaar om jou by jou einddoel van finansiële onafhanklikheid uit te kom. Sorg dat dit realisties is.
- Hersien jou plan minstens een keer per jaar sodat dit nog tred hou met jou persoonlike verwagtings. 'n Mens se behoeftes verander, en daarom moet jou geldplan ook daarvolgens aangepas word.
- Wees realisties oor dit wat noodsaaklik is en dinge waaraan jy gewoond geraak het.